

Oktober 2007

Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Vandag 'n stukkie goeie nuus vir navorsers van die geskiedenis van ou Pretoria. Die Universiteit van Pretoria het 'n "Institutional Repository", UPSpace waarop die Departement Argitektuur ook 'n versameling onder my naam begin het.. Mettertyd gaan hulle foto's, kaarte, dokumente en ander versamelings uit hul argiewe op argiveer. Hulle het my genader en is tans besig om al die vorige Pretoria briewe op te sit. Dan is ek ook op die oomblik besig om my Kerkplein foto-album gereed te kry vir die versameling.

Ek is ongelukkig nog dom met die dinge. Indien iemand wil gaan kyk: Die versameling op UPSpace het 'n vreeslike lang adres: www.up.ac.za/dspace/handle.2263/1666. 'n Makliker manier om daar uit te kom is om vir Google te vra om Rosa Swanepoel te soek. Google is regtig wonderlik. Ek het op my rekenaar 'n inhoudsopgawe van al my briewe gemaak maar as ek iets soek neem dit nog 'n hele ruk om dit op te spoor. Net om te kyk wat gebeur het ek vir Google gevra om Paul August Moes [van 'n vorige brief] te soek. Binne sekondes kon ek die brief opspoor. Ongelooflik !!! Ek wonder wat sou ou Moes daarvan gesê het.

Na aanleiding van verlede maand se brief het MC Heunis die volgende interessante stuk gestuur.

Hoewel ek nie 'n baie duidelike foto van die Daspoort blokhuis het nie, lyk dit vir my na 'n tipiese "Rice Pattern".

Aanvanklik het die Britte groot blokhuisse gebou met klip, stene en cement, maar hierdie forte het natuurlik baie gekos en verskriklik lank geneem om te voltooi. Majoor Rice van die Royal Engineers het toe begin om kleiner, goedkoper blokhuisse van sinkplaat te bou. Die eerste tipes was vier- en agtkantig (op Barberton staan vandag nog 'n vierkantige voorbeeld, terwyl 'n agtkantige blokhuis by Voortrekkerhoogte gesien kan word). Hierdie blokhuisse se mure is vervaardig deur 'n houtraam te bou en dan sinkplate met skietgate aan weerskante van die hout vas te spyker. Die spasie tussen die sinkplate is dan met gruis gevul om dit koeëlvas te maak.

Die vierkantige en agtkantige blokhuisse het steeds redelik lank geneem om te bou en die houtpilare was 'n swakpunt waardeur 'n koeël steeds kon dring. Majoor Rice het toe, tewyl hy eendag gekyk het hoe 'n sinkplaatroller watertenks maak, die idee gekry om 'n ronde blokhuis te maak. Hierdie ronde blokhuis het later bekend geword as die "Rice Pattern" blokhuis. Die mure het bestaan uit twee sinkplaatsilinders of "tenks". Die twee tenks het verskillende diameters gehad en inmekaar ingepas met 'n spasie tussen die twee wande. Skietgate is deur die twee "tenks" gemaak en die spasie tussen die mure is met gruis gevul. So was die gebruik van houtpilare dus nie meer nodig nie. Die onderste helfte van die blokhuisse is gewoonlik met 'n grondwal of 'n klip- of sandsakmuur beskerm en die bokant is met 'n tent of sinkplaatdak toegemaak. Rondom die blokhuis is gewoonlik loopgrawe gegrave en doringdraadversperrings gespan. Aangesien die gruis die heetlyd afgesak het moes die bemanning gereeld nog gruis ingooi. Hiervoor was elke skietgat van gate in die plaat voorsien waardeur gruis ingegooi kon word.


Gedurende die oorlog is daar duisende van dierdie klein sinkhuisies kruis en dwars oor Suid-Afrika gebou. Vandag kan mens nog net 'n paar van die oospronklike Rice blokhuisse sien. Op Bloemfontein, byvoorbeeld, staan een op Onze Rust en nog een by die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke.

Hierdie goed moes verskriklik gewees het om in te bly - koud in die winter en warm in die somer! Ek het self al 'n slag of wat in die Onse Rust blokhuis geslaap en kan getuig dat daardie skietgate gemaklik koue lug inlaat...

Groete

MC

NS: Sien aangehegte foto's.



Daspoort se "River Redoubt" blokhuis.




'n Groot klipblokhuis aan die Vaalrivier. Presies so een kan vandag naby Meyerton langs die R59 by die Engen-vulstasie gesien word.



Barberton se vierkantige sinkplaatblokhuis.



Voortrekkerhoogte se agtkantige sinkplaatblokhuis.



Die bemanning van 'n Rice blokhuis. Let op die klip- en sinkplaatmuur en die skietgatplate.

Die volgende inligting van Freda Green

Inligting t.o.v. Westfort:

Westfort Hospitaal:

Hospitaal is vernoem na die fort op die koppie bokant die hospitaal. Westfort was die enigste instansie in SA waar melaatsheid behandel is. Daar is 4 kerke op die terrein.

Die hospitaal is gebou in 1897, 'n self-onderhoudende kompleks, met sy eie rioolwerke, gevangenis, polisiestasie, skool, biblioteek en kerke. Tot 2000 pasiente is gelykertyd hier behandel. Hospitaal is ontwerp deur Sytze Wierda (argitek van die Raadsaal). Gesluit in 1997 weens 'n tekort aan fondse om die geboue in stand te hou.

Westfort/Fort Daspoorstrand:

Voltooい in 1898, op 12 Nov. amptelik deur die regering in ontvangs geneem. Was die enigste fort uit die 4 wat in 'n Franse styl gebou is, deur Leon Grunberg en Sam Leon. Die bouer was Edgar Cassen.

Die forte van Pretoria is nooit deur die Boere gebruik in gevegte nie. Die Daspoort fort is na die inname van Pretoria deur die Britte beset. Die Britse mag het die fort tot 1913 vir militêre doeleindeste gebruik. Die ingangspoort was baie indrukwekkend en is omtrent die enigste staande oorblyfsel van die fort, die res is erg vervalle.

Volgens 'n koerantberig van 2001 is hierdie gebied, die hospitaal (en die fort?) aan ontwikkelaars verkoop wat dit sou restoureer, Westfort Development Consortium. Planne was om 'n toeriste-aantreklikheid te ontwikkel. Inwoners is deur die balju met 'n hofbevel ontruim. Dit het tot groot weerstand geleid. Of die mense op die ou einde uitgetrek het, weet ek nie. Volgens 'n ander koerantberig in 2005 het die Fort West Heritage Foundation 'n jeugkamp georganiseer waarby 18 jeugdiges vanoor die hele wêreld hier bymekaar gekom het om die gebied op te ruim van graffiti ens. Ek sou graag wou weet of daar nou al iets van hierdie ontwikkeling plaasgevind het, wat o.a. 'n staproete sou insluit.

Lees meer oor die fort in: "Die militêre fortifikasies van Pretoria, 1880-1902" van Anton C. van Vollenhoven.

Inligting t.o.v. die kerk en woonhuis by die rioolwerke:

(Uit bron: Daspoort water care works, Dept. Water and Environment, City Council of Pretoria)

Tussen 1880 en 1890 het sendeling Winter ('n blanke) van Sekukuniland uitgetree uit die Berlynse Sendinggenootskap en die Bopedi Kerk gestig. Omtrent die tyd het 'n inboorling, ondersteun deur Winter, die bogenoemde kerk en woonhuis gebou. Die inboorling Kanjane het eers daar gewerk. Toe Marabastad later uitgebrei het, het Kanjane padgegee.

'n Ander inboorling sendeling (met 'n rooi baard – sy naam is onbekend, maar moontlik Mokone) het uit die kerk van Kilnerton, Pretoria Oos, uitgetree en toe sendingwerk in genoemde kerk begin onder die beskerming van die Church of England. Toe die rioolwerke aangelê is (\pm 1912) het ook "Rooibaard" padgegee en sedert die tyd is geen sendingwerk meer daar gedoen nie.

In the year 1904 when the population of Pretoria was 36 700 the then Town Engineer H.D. Babcock submitted the first plans for sewer reticulation and a treatment works at an estimated cost of R740 000 of which a quarter would be for the treatment works. His proposals, though not fully accepted, led to the building of Daspoort Sewage Works between 1912 and 1920 to the design of Town Engineer F. Walton Jameson, nicknamed "Jacaranda Jim" for his introduction of the trees to Pretoria.

Blokhus by Daspoort:

Volgens "Die militêre fortifikasies van Pretoria" (Anton van Vollenhoven) word dit die River Redoubt genoem, 'n blokhuis opgerig deur die Britte na die inname van Pretoria in Junie 1900. Die doel was om die stad se toegangsroetes te beskerm teen 'n moontlike aanval deur die Boere. Interessant genoeg was daar ook 'n blokhuis 'n bietjie meer wes, oos van waar Wesfort/Fort Daspoortrand was, die Wesfort blokhuis. Daar was 'n klippaadjie tussen die fort en die blokhuis (ongeveer een km) en maklik bereikbaar vanaf die hospitaal Wesfort.

Die volgende van Stan Kantor.

Stan Kantor is besig om navorsing te doen oor persone wat in die ou begraafplaas in Kerkstraat begrawe is. Hier is een van die stukke wat hy geskryf het. Hy het ook interessante foto's saam gestuur maar ongelukkig kan ek hulle nie plaas nie, die brief word dan te groot. Enigiemand wat belangstel kan hom kontak by: jjb@lantic.net

THEY REST IN PRETORIA

Edwin Bray, a Yorkshire man, was a coalminer in England. He immigrated to the Transvaal and worked a lead mine in Marico in the mid 1870's, under the name of Edwin Bray & Co. When the venture went bankrupt he tried his hand at coal prospecting in the Free State and, unsuccessfully, attempted gold mining at Kaapse Hoop.

He then offered his services to a builder and earned a precarious living by puddling clay and carting reeds to the many building sites at Moodies Camp. Visiting a friend at Fig Tree Creek he was shown a rich nugget that had been found in the riverbed. Thinking furiously that this must have come from higher up the creek, the only way he could make sure was to start prospecting again.

Having saved enough money to tide him over for a few months, he began his search. He found gold, but after five months the reef petered out. Eventually in May 1855, digging for the reef in the highest fold of the hills above the Elephant Valley, his pick struck gold on the first stone. The first haul yielded 8 oz. free gold to the ton and this led to the establishment of the Sheba Reef G.M. Co. (Bray's Golden Quarry). By 1976 the mine was working as deep as 1000m and was still opening up veins of gold as rich as anything on the Witwatersrand. It became known as the world's richest gold mine.

Bray himself hardly lived long enough to enjoy the rewards of his discovery. He died in Pretoria on 14th July 1887. A large funeral party, including Pres. Paul Kruger and a great many distinguished mourners, saw him to his grave.

It was said that this genial giant with a heavy moustache and a long white beard had very little time to enjoy the fruits of his unremitting labours and unfailing faith but, at the end, he had the satisfaction of knowing that his mine was easily the richest in the Lowveld, if not the world.

Groete tot volgende maand,

Rosa Swanepoel